

4 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 9:35-38

Verloste, waarvoor bid jy?

Jesus is besig: Hy besoek, Hy leer, Hy verkondig en Hy maak gesond. As Hy, wat die nood verlig, die menigte in hul hulpeloosheid en verlorenheid sien, kry Hy hulle innig jammer. Die oorspronklike woord hou iets in van 'n "ingewandsberoering". Die Messias is so aangegryp deur die verlorenheid van die skare dat Hy tot in sy diepste vol erbarming en medelye is. Jesus weet dat die oes ryp is vir die heil van God. Hy weet egter ook dat die arbeiders min is en nog opgelei moet word. By hierdie krisis skakel Hy sy dissipels onmiddellik in deur hulle sy medewerkers te maak.

Jesus Christus het na die wêreld gekom om die medewerkers wat die oes moet inbring, te kom leer. In die proses het Hy sy lewe afgelê, die sonde en die dood oorwin. Nou leef Hy in hulle harte deur die Heilige Gees, maar stuur hulle uit na die wêreld met die duidelike opdrag: "Gaan maak hulle wat Ek julle gemaak het!"

Sien ons ons eie nood raak? Besef ons dat ons van nature verlore is? Sien ons hoe groot die oes is en hoe min die arbeiders? Bid die Here aan wie die oes behoort om arbeiders te stuur. Bid dat ons 'n hart vir die nood van die wêreld sal hê. Die belangrikste is, vra Hom om ons sy geroepe arbeiders te maak.

Ds S Hibbert (Koster)